# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

***… waar kind nog kind kan wees …***

21/2023

25 Julie 2023

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Die afgelope paar jaar het ouers se versoeke om hul kinders by spesifieke onderwysers vir 'n nuwe skooljaar te plaas, geweldig toegeneem. Gevolglik het ek verlede kwartaal navorsing by ander laerskole gedoen oor hoe hul klasindelings vir 'n nuwe skooljaar, aan die einde van elke jaar, gedoen word. Soos Mikro, het alle skole 'n stel kriteria waarvolgens klasindelings elke jaar gedoen word. Ek wou ook by ander skoolhoofde weet of hulle enige versoeke van ouers om hul kind by 'n spesifieke onderwyser(es) te plaas, hanteer. Ek het die navorsing gedoen sodat ek betyds my besluit hieroor aan al Mikro se ouers kan deurgee.

Die terugvoering aan my was dat weinig skole/skoolhoofde aan hierdie versoeke gehoor gee. Die hoofredes waarom dit nie toegelaat word nie, is omdat daar eerstens genoegsame kriteria bestaan waarvolgens dit gedoen word en tweedens omdat dit baie moeilik is om aan alle versoeke te voldoen, veral as daar leerders wat reeds in spesifieke klasse geplaas is, rondgeskuif moet word op klaslyste. 'n Derde rede is dat die redes wat ouers aanvoer waarom 'n kind nie in 'n spesifieke klas moet wees nie, dikwels nie sin maak nie of dat ouers weens hoorsê (wat ander mense van 'n bepaalde onderwyser sê) 'n versoek rig.

**Gevolglik het ek besluit dat ek nie verder aan sulke versoeke gehoor kan gee nie en dus geen versoeke vir plasing by spesifieke onderwysers gaan hanteer nie. Elke graad se onderwysers sal dus, soos in die verlede, volgens voorafbepaalde kriteria die klasindelings vir die volgende jaar doen en aan my oorhandig. Hoogs uitsonderlike gevalle bv. 'n versoek om 'n tweeling in twee verskillende klasse te plaas, sal ek dan op meriete hanteer. Ek vertrou dat u begrip vir my besluit sal hê.**

Me Sandra Visagie (Gr 4 - 7 Xhosa-onderwyseres) is vir die afgelope 32 jaar by Mikro betrokke en tree op 31 Julie 2023 af. Sy was in 'n departementele pos wat ons met Laerskool De Kuilen, waar sy die helfte van haar onderrigtyd deurgebring het, gedeel het. Met haar aftrede skaf die Onderwysdepartement die pos af (die pos verval) en dus stel die Departement niemand in haar plek aan nie. Ons bedank haar vir soveel jare se diens aan die skool en wens vir haar 'n geseënde aftrede toe. Die besluit is reeds geneem dat daar vir die res van hierdie jaar geen Xhosa-lesse sal plaasvind nie. Die skoolrooster word nie aangepas nie en daardie periodes sal as 'n Afrikaanse leesperiode, volgens spesifieke lesplanne, aangewend word. 'n Besluit oor hoe die Xhosa-klasse vanaf volgende jaar hanteer gaan word, word later geneem.

Neem asb kennis van 'n baie belangrike brief rakende **Mikro se Ondersteunersklub** wat vandag saam met die Mikrofokus vir u gestuur word. Dit word ook op school communicator onder Bronne: Ondersteunersklub, geplaas.

## 2. VERKEER VOOR DIE SKOOL en HEKTYE

Sommige motorbestuurders in Spruitstraat parkeer ongelukkig op verkeerde plekke. Daar is heelwat bestuurders wat bo-oor die voetoorgange parkeer, wat dit onmoontlik maak vir aankomende verkeer om die kinders te sien wat dan tussen of voor die voertuie deur moet oorstap.

Bestuurders parkeer ook graag in die geel areas, veral by die Graad R-hekkie in Spruitstraat.  Daar was verlede week 'n insident waar 'n kind wat op pad was na die voetoorgang, amper deur iemand raakgery is wat ingedraai het om op die geel blok te kom stop.

Bestuurders parkeer ook parallel met die straat (agter die skuins oop parkeerplekke) om kinders af te laai, wat weer verkeersopeenhopings versoorsaak.
Daar is ook gevalle waar bestuurders in die teenoorgestelde rigting van die eenrigtingstraat afry.

Ons vra asb. alle motorbestuurders om 'n tragedie te vermy deur basiese verkeersreëls na te kom.


**Diedrikkiestraat "*DROP & GO*":**
Graag herinner ons u dat die Diedrikkiestraat se aflaaipunt as 'n *drop and go* gebruik word. Indien u 'n langer tyd benodig om u kind af te laai of om iets uit die motor se kattebak te haal, versoek ons dat u asb. van die parkeerplekke gebruik sal maak.

| HEKKE | IN | UIT |
|---|---|---|
| Hoofdraaihek (Spruitstraat) | 06:00 - 07:45 | 12:28 - 18:00 |
| Graad R Draaihek (Spruitstraat) | 06:00 - 07:45 | 12:28 - 14:35 (a.g.v nasorgleerders se veiligheid) |
| Sonnemeisiestraat Draaihek | 06:00 - 07:45 | 12:28 - 18:00 |
| Diedrikkiestraat Draaihek | 06:00 - 07:45 | 12:28 - 18:00 |

3. **VERLORE KLERE – ("LOST & FOUND")**

Môre, Woensdag, 26 Julie 2023 en Donderdag, 27 Julie 2023, tydens eerste pouse word alle nie-gemerkte klere en ander verlore goedere op die saal se stoep uitgepak.  Indien dit nie deur leerders afgehaal word nie, sal die klere aan die klerebank geskenk word en ander verlore goedere sal vir liefdadigheid geskenk word.  Ons wil dit weer beklemtoon dat leerders se eiendom duidelik gemerk moet word asb.   Dankie vir u samewerking.

4. **SPORTPROGRAM VIR DIE WEEK:**     **25 – 29 JULIE 2023**



Woensdag, 26 Julie 2023:
- Rugby teen Totius (weg) 7A, 8A+B, 9A, 11A,13A
- Rugby teen Rouxville/Irista (tuis) 7B+C, 8C, 9A+B, 10A, 13 B+C
- Netbal teen Fanie Theron (weg) 7-13

Donderdag, 27 Julie 2023:
- Hokkie teen Welgemoed
    - Seuns - weg
    - Dogters - tuis



Vrydag, 28 Julie 2023:
- Gene Louw CDE Sportdag (weg)
    - Rugby: 11B, 13B
    - Netbal: 10C,11C+D, 13 C+D
    - Hokkie: (S) 10B, 11B, 13B
    - Hokkie: (D) 10B, 11A

Saterdag, 29 Julie 2023:
- o.13A Rugby teen Curro Langebaan (Weg)

5. **NASIONALE VROUEDAG, WOENSDAG, 9 AUGUSTUS 2023**

Me Thea Visser het die inisiatief geneem om 'n spesiale Vrouedag Ontbyt op Woensdag, 9 Augustus 2023 te reël. Sy het die behoefte raakgesien dat daar dringend aan die saalstoele van Mikro aandag gegee moet word. Dit lê haar egter ook baie na aan die hart om saam met die Kuilsrivier gemeenskap uit te reik na vroue wat met kanker gediagnoseer is. Met bg. in gedagte het sy en 'n vriendin en oud-ouer van Laerskool Mikro, besluit om die daad by die woord te voeg en 'n spesiale byeenkoms te reël. Die inkomste gaan verdeel word tussen Mikro (met die spesifieke doel om saalstoele aan te koop) en Reach for Recovery Cape Peninsula ('n nie-winsgewende organisasie wat spesifiek ondersteuning gee t.o.v. borskanker).




Ondersteun asb. hierdie oggend.
Kontak asb. vir Thea Visser (0845808170/tvisser@laerskoolmikro.co.za) indien u graag 'n tafel wil bespreek (10 persone) of net 'n kaartjie wil koop. 'n Kaartjie kos R120 (ontbyt ingesluit).

Ons is bevoorreg om daardie oggend vir Lori-Ann van der Merwe-Biebuyck as spreker, sowel as vir Liesl Cronje, te verwelkom. Indien u nie die dag kan bywoon nie, maar steeds 'n bydrae/donasie vir die doel wil gee, is u welkom om dit in die skool se rekening in te betaal.

Die skool se rekening is:
Laerskool Mikro
ABSA Kuilsrivier
Tjek
Rek. no. 1006-242-380
Takkode 63-2005
Verv: Vrouedag/stoele

**LW:** Hierdie is nie 'n Mikro fondsinsamelingsgeleentheid nie; me Thea Visser reël dit in haar persoonlike hoedaningheid.

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
**SKOOLHOOF**







## BAIE DANKIE AAN ONS BORGE.

# JULIE 2023

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1<br>VAKANSIE | 2<br>VAKANSIE |
| 3<br>VAKANSIE | 4<br>VAKANSIE | 5<br>VAKANSIE | 6<br>VAKANSIE | 7<br>VAKANSIE | 8<br>VAKANSIE | 9<br>VAKANSIE |
| 10<br>VAKANSIE | 11<br>VAKANSIE | 12<br>VAKANSIE | 13<br>VAKANSIE | 14<br>VAKANSIE | 15<br>VAKANSIE | 16<br>VAKANSIE |
| 17<br>VAKANSIE | 18 SKOOL OPEN<br>SPORT BEGIN<br>TIE: Begindatum | 19<br>Kos@Mikro Vergadering 18:00 | 20<br>Gr. 7 Inligtingsaand | 21<br>NovieKidz: Drama-demo (Gr. 4 tot 7)<br>Klubhuis 14:30 – 15:30 | 22 | 23 |
| 24 / 31 | 25<br>Ouerkomitee vergadering 18:00 | 26 NETHEIDSKONTROLE<br>Rugby: Totius (W)<br>Netbal: Fanie Theron (W) | 27<br>Gr. 3-uitstappie<br>Hokkie: Welgemoed | 28<br>Gene Louw Sportdag o.10-o.13 B&C spanne<br>Landloop: Metro Kampioenskappe<br>Redenaars: Podiumpret<br>NovieKidz: Drama-demo (Gr. 1 tot 3)<br>Klubhuis 14:30 – 15:30 | 29<br>o.13A rugby: Curro Langebaan (W) | 30 |

*Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.

BLOU: Datums bygekom

ROOI: Datums het verander

# OWO-KLEREKAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums beskikbaar wees vir die aankoop van tweedehandse skoolklere.

Skenkings kan ook op hierdie datums afgegee word.

Gebruik asb die ingang by Diedrikkiestraat.

**2 AUGUSTUS 2023**
**17:00-18:30**

**5 SEPTEMBER 2023**
**17:00-18:30**